
# DIE ETNOLOGIESE SEKSIE — 'N PROBLEMATIESE BENAMING



E. du Pisani

Die woord *Etnologie* is afgelei van die Grieks : *Ethnos* wat na volk of nasie verwys en *logos* : woord. Hierdie term word deur antropoloë verskillend gebruik en verwys na

— 'n histories-vergelykende, of histories-evolusionistiese benadering binne die antropologie*, of
— 'n afsonderlike dissipline (naas die Sosiale, Kulturele en Fisiese Antropologie). In verskeie Europese lande word tussen Algemene Etnologie *(Völkerkunde)* en Regionale Etnologie onderskei.

Vanweë bogenoemde uiteenlopende gebruik van die term Etnologie, is die keuse daarvan om na antropologie binne Museumverband te verwys problematies. In terme van benadering is die werk van Museumantropoloë hoofsaaklik beskrywend-analities, dit wil sê *etnografies* van aard, en nie histories-vergelykend (etnologies) nie. In Suid-Afrika word die meeste antropoloë binne die tradisie van die Britse Sosiale Antropologie, of die Amerikaanse Kulturele Antropologie opgelei. Etnologie as 'n afsonderlike dissipline word nie op tersiêre onderwysvlak aangebied nie. Moontlik kan die verwydering tussen antropoloë verbonde aan universiteite en hul museumkollegas deels aan hierdie ongelukkige woordkeuse toegeskryf word.

By die Nasionale Museum ressorteer die Etnologiese seksie onder die Afdeling Geesteswetenskappe wat, benewens Etnologie, ook die seksies Kultuurgeskiedenis,, Kuns en Argeologie insluit. Hierdie bedeling erken die verband tussen die Antropologie, Argeologie en Geskiedenis.

Soos in die geval van ander navorsers, behels die taak van die Museumantropoloog navorsing, versamelwerk, kuratoriale pligte in verband met 'n studieversameling en betrokkenheid by museumuitstallings en opvoedkundige programme.

Wat navorsing betref, word veral aandag aan die Sotho-Tswana en 'Kleurlinge' binne die grense van die Oranje-Vrystaat bestee. Beide etnografiese en literatuurstudies word onderneem. Versameltogte word deur spesifieke behoeftes bepaal. Die relatiewe volledigheid of onvolledigheid van die bestaande studieversameling, asook 'n bepaalde uitstalprogram, is belangrike oorwegings in hierdie verband. Só byvoorbeeld het die etnologiese seksie hom die afgelope twee jaar veral op die insameling van musiekinstrumente toegelê, aangesien 'n uitstalling van sodanige instrumente beplan word. Dit moet beklemtoon word dat dit nie bloot gaan om die voorwerp nie, maar om die verhouding mens-voorwerp binne 'n sosiaal-kulturele konteks. Om iets te versamel impliseer dus navorsing daaromtrent.

Dokumentasie en die akkumulasie van data rakende die studieversameling, sowel as 'n wye reeks onderwerpe, geniet deurlopend aandag. In hierdie verband kan 'n bibliografiese indeks waarin besonderhede oor etnografiese bronne met verwysing na Suid-Afrika, Suidwes-Afrika (Namibië) en Botswana se belangrikste bevolkingsgroepe verskyn, genoem word. Knipsels met betrekking tot Qwa-qwa word uit die plaaslike koerante verkry en in die etnologiese seksie bewaar.

Museumuitstallings en populêre publikasies bied, veral in die geval van antropologie, 'n besondere geleentheid aan die Museum-antropoloog om sekere antropologiese insigte aan die algemene publiek oor te dra. Hierdie potensiaal is nog grootliks onbenut en behoort meer aandag te geniet. Die noodsaaklikheid van beter begrip en verdraagsaamheid tussen mense in Suid-Afrika kan nie genoeg beklemtoon word nie. In hierdie verband behoort die museumantropoloog sy rol as katalisator te speel.

* Die term *antropologie* is 'n samestelling van die Griekse woorde *anthropos* : mens en *logos* : woord. 'n Bondige omskrywing daarvan is dat dit die studie van die mens as biologiese en sosiaal-kulturele wese is. In ooreenstemming met internasionale gebruik in die vakliteratuur, word hierdie term bo die Afrikaanse benaming *Volkekunde* verkies. ●